education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE

## MODEL 2008

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en 'n antwoordeboek van 20 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Jy word voorsien van 'n vraestel en ANTWOORDEBOEK.

2. Hierdie vraestel bestaan uit SES verpligte vrae. Beantwoord AL die vrae.

3. Gebruik die formate in die antwoordeboek wat voorsien word om die vrae te beantwood.

4. Waar van toepassing moet bewerkings getoon word om deelpunte te verdien.

5. Jy moet poog om by die voorgestelde tye te hou.

6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

7. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

Kopiereg voorbehou 

**GRAAD 12**
**REKENINGKUNDE**
**MODEL 2008**

**PUNTE: 300 MINUTE: 180**

| **VRAAG 1: 25 punte; 20 minute** | |
|---|---|
| **Die onderwerp van die vraag is:** | **Die leeruitkomste gedek is:** |
| Rekonsiliasies en interne beheer | LU1 Finansiële rekeningkunde<br>– AS4 Ontleed en vertolk rekonsiliasies<br>LU3 Bestuur van hulpbronne<br>– AS6 Toepassing van interne beheerprosesse |

| **VRAAG 2: 30 punte; 20 minute** | |
|---|---|
| **Die onderwerp van die vraag is:** | **Die leeruitkomste gedek is:** |
| Voorraadstelsels | LU3 Bestuur van hulpbronne<br>– AS3 Die gebruik van verskillende metodes om voorraad te waardeer<br>– AS5 Etiese gedragskode |

| **VRAAG 3: 70 punte; 40 minute** | |
|---|---|
| **Die onderwerp van die vraag is:** | **Die leeruitkomste gedek is:** |
| Vervaardiging – Produksiekoste | LU2 Bestuursrekeningkunde<br>– AS2 Opstel, ontleding en verslagdoening van inligting oor koste |

| **VRAAG 4: 70 punte; 40 minute** | |
|---|---|
| **Die onderwerp van die vraag is:** | **Die leeruitkomste gedek is:** |
| Finansiële state en vertolking van 'n maatskappy | LU1 Finansiële rekeningkunde<br>– AS5 opstel en vertolking van finansiële state |

| **VRAAG 5: 75 punte; 40 minute** | |
|---|---|
| **Die onderwerp van die vraag is:** | **Die leeruitkomste gedek is:** |
| Korporatiewe verslagdoening | LU1 Finansiële rekeningkunde<br>– AS5 Opstel en vertolking van finansiële state<br>– AS6 Ontleding van'n ouditverslag<br>LU3 Bestuur van hulpbronne<br>– AS5 Etiese gedragskode en die rol van professionele liggame |

| **VRAAG 6: 30 punte; 20 minute** | |
|---|---|
| **Die onderwerp van die vraag is:** | **Die leeruitkomste gedek is:** |
| Belasting op toegevoegde waarde | LU1 Finansiële rekeningkunde<br>– AS7 Pas beginsels van BTW toe |

## VRAAG 1

**REKONSILIASIES EN INTERNE BEHEER** **(25 punte; 20 minute)**

Jy word voorsien van drie voorbeelde van rekonsiliasies wat deur werknemers in die rekeningkundige afdeling van Soweto Stationers opgestel is.

**GEVRA:**

Bestudeer die inligting voorsien en beantwoord die vrae wat volg.

**INLIGTING:**

**VOORBEELD A**

| BANKVERSOENINGSTAAT OP 29 FEB. 2008 | |
|---|---|
| | R |
| Saldo volgens Bankstaat | Krediet 8 000 |
| Uitstaande deposito | 3 000 |
| Uitstaande tjeks: | |
| Nr. 1040 gedateer 13 Feb. 2008 | 2 200 |
| Nr. 1052 gedateer 18 Aug. 2008 | 10 000 |
| Nr. 1055 gedateer 28 Feb. 2008 | 4 300 |
| Saldo volgens Grootboekrekening | ? |

**VOORBEELD B**

| KREDITEURE-REKONSILIASIESTAAT OP 29 FEB. 2008 | |
|---|---|
| **ACE GROOTHANDELAARS** | **R** |
| Saldo volgens Krediteurestaat op 25 Feb. 2008 | Debiet 5 000 |
| Faktuur nie op staat gereflekteer nie: | |
| Faktuur nr. 225 | 18 400 |
| Faktuur op die staat maar nie in die Krediteuregrootboek nie | |
| Faktuur nr. 187 | 3 100 |
| Betalings nie op die staat gereflekteer nie: | |
| Gedateer 23 Feb. 2008 | 9 000 |
| Terugsendings nie op die staat gereflekteer nie: | |
| Debietnota nr. 44 | 1 100 |
| Saldo volgens Krediteuregrootboekrekening op 29 Feb. 2008 | ? |

**VOORBEELD C**

| REKONSILIASIE VAN KREDITEUREKONTROLE-REKENING MET DIE KREDITEURELYS OP 29 FEB. 2008 | |
|---|---|
| | R |
| Saldo volgens Krediteurekontrolerekening | 46 000 |
| Saldo's volgens Krediteuregrootboek | 47 900 |
| Ace Groothandelaars | ? |
| Busta Meubileerders | 20 000 |
| Camel Sekuriteitsdienste | 12 000 |
| Dumbo BK | ? |
| | |
| Verskil | 1 900 |

Kopiereg voorbehou 

**VRAE:**

1.1 Verduidelik kortliks:

- Wat jy onder die term *interne behee*r verstaan (2)
- Waarom dit belangrik is om interne beheer in 'n besigheid toe te pas (3)
- Waarom rekonsiliasiestate belangrik is vir interne beheer. (2)

1.2 Het hierdie besigheid 'n gunstige banksaldo of 'n oortrokke bankrekening volgens die Bankstaat? Gee 'n rede vir jou keuse. (2)

1.3 Bereken die banksaldo in die Grootboek van Soweto Stationers op 29 Februarie 2008. Is die saldo gunstig of ongunstig? (3)

1.4 Noem VIER stappe wat jy sal volg wanneer 'n Bankversoeningstaat voorberei word. (4)

1.5 Wanneer die finansiële state van Soweto Stationers aan die einde van Februarie 2008 opgestel word, watter bedrag sal jy onder Kontant en Kontantekwivalente op die Balansstaat weergee? (2)

1.6 Bereken die korrekte bedrag wat deur Soweto Stationers aan Ace Groothandelaars verskuldig is. (4)

1.7 Verduidelik kortliks watter stappe gedoen moet word oor die verskil van R1 900 in Voorbeeld C. (3)

**25**

## VRAAG 2

**VOORRAADSTELSELS** **(30 punte; 20 minute)**

Die volgende inligting het betrekking op die handelsaktiwiteite van Mikro Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2008.

Die eienaar van die onderneming is BA Crooke. Die besigheid verkoop slegs een soort mikrogolfoond en het besluit om die verkoopprys gedurende die jaar konstant te hou.

Mnr. Crooke wil graag 'n lening van die bank verkry. Hy wil verseker dat die wins in die finansiële state 'n gunstige indruk by die bank sal skep.

Die onderneming maak van die periodieke voorraadstelsel en die EIEU-metode gebruik om voorraad te waardeer.

**INLIGTING:**

| | | **Aantal eenhede** | **Eenheids-prys R** | **Totaal R** |
|---|---|---|---|---|
| Verkope | | ? | 1 400 | 252 000 |
| Voorraad voorhande op 1 Maart 2007 | | 40 eenhede | 950 | 38 000 |
| Aankope gedurende die jaar | | 210 eenhede | | 170 000 |
| Junie | 2007 | 30 eenhede | 900 | 27 000 |
| Oktober | 2007 | 80 eenhede | 850 | 68 000 |
| Januarie | 2008 | 100 eenhede | 750 | 75 000 |

**GEVRA:**

2.1 Verduidelik die verskil tussen die periodieke en die deurlopende voorraadstelsels. Verduidelik ook die voordeel van elke stelsel. (4)

2.2 Bereken die totale getal mikrogolfoonde wat gedurende die jaar verkoop is. (3)

2.3 Bereken die totale getal mikrogolfoonde voorhande op 29 Februarie 2008. (3)

2.4 Die onderneming gebruik die EIEU-waardasiemetode.

2.4.1 Bereken die eindvoorraad deur van die EIEU-metode gebruik te maak. (3)

2.4.2 Bereken die bruto wins vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008 deur van die EIEU-voorraadwaardasiemetode gebruik te maak. Jy kan die Handelsrekening opstel om hierdie syfer te bereken. (5)

2.5 Ten einde 'n lening te verkry, wil die eienaar, BA Crooke, die voorraadwaardasiemetode na die geweegdegemiddeldemetode verander.

2.5.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad deur van die geweegdegemiddeldewaardasiemetode op 29 Februarie 2008 gebruik te maak. (5)

2.5.2 Bereken die bruto wins vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008 deur van die geweegdegemiddeldewaardasiemetode gebruik te maak. Jy kan die Handelsrekening opstel om hierdie syfer te bereken. (3)

2.6 Sal dit, na jou mening, eties van mnr. Crooke wees om die voorraadwaardasiemetode te verander? Gee EEN rede vir jou antwoord. (4)

**[30]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3

**VERVAARDIGING** **(70 punte; 40 minute)**

**3.1 MAHALA BAGS**

Jy word voorsien van inligting rakende Mahala Bags vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2008. Dit is 'n vervaardigingsonderneming wat deur die Mahala-familie besit word. Hulle vervaardig skoolsakke en verkoop dit teen 'n winsopslag van 40% op kosprys.

**GEVRA:**

Stel die Produksiekostestaat van Mahala Bags vir die jaar, tesame met die notas soos aangedui, in die ANTWOORDEBOEK op. Gebruik die formaat voorsien. (38)

**INLIGTING:**

Die volgende saldo's het onder meer in die Grootboek op 1 Maart 2007 (die begin van die finansiële jaar) verskyn:

| | |
|---|---|
| Fabriekstoerusting – teen kosprys | R 350 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op fabriekstoerusting | 120 000 |
| Kantoortoerusting – teen kosprys | 90 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op kantoor-toerusting | 14 000 |
| Voorraad voltooide goedere (600 sakke) | 33 000 |
| Goedere-in-bewerking-voorraad | 15 280 |
| Direkte materiaal/Grondstofvoorraad | 20 000 |

**Voorrade voorhande aan die einde van die jaar:**

| | |
|---|---|
| Voorraad voltooide goedere (400 sakke) | R 22 000 |
| Goedere-in-bewerking-voorraad | 37 000 |
| Direkte materiaal/Grondstofvoorraad | 40 000 |
| Fabrieksverbruiksvoorraad | 1 500 |

**Produksie:**

Getal voltooide sakke gedurende die jaar geproduseer: 20 000 eenhede

**Transaksies gedurende die jaar geëindig 29 Februarie 2008:**

1. **Grondstowwe** is teen 'n koste van R440 000 ingevoer.
2. Die koste om hierdie stowwe vanaf die verskaffers te **vervoer** het R70 000 beloop.
3. **Salarisse en lone betaal**:
   - Vyf fabriekswerkers teen R5 000 per maand
   - Een skoonmaker teen R2 000 per maand (hierdie skoonmaker werk 50% van sy tyd in die fabriek)
   - Een kantoorwerker teen R6 000 per maand

4. **Pensioenfonds**: Alle werkers, die skoonmaker uitgesluit, dra tot die pensioenfonds by. Die aftrekking van verdienste is 7,5% terwyl die onderneming 10,5% van maandelikse verdienste tot die pensioenfonds bydra.

5. **WVF**: Die wet vereis 'n 1%-aftrekking op verdienste van alle werkers. Die onderneming dra 'n addisionele 1% by.

6. **Verbruiksvoorraad** gedurende die jaar aangekoop:
   - Vir fabrieksgebruik, R33 500
   - Vir kantoorgebruik, R19 000

7. **Waardevermindering** op alle toerusting word teen 10% p.j. op kosprys bereken. Let daarop dat nuwe fabriekstoerusting ter waarde van R150 000 op 1 September 2007 aangekoop is.

8. **Verkoopuitgawes:**
   - Advertensies, R10 000
   - Afleweringsuitgawes, R24 000

9 **Instandhouding**: Herstelwerk aan fabriekstoerusting is betaal, R50 000. 'n Verdere R3 000 is verskuldig vir herstelwerk wat gedurende Februarie 2008 gedoen is, maar dit is nog nie betaal nie.

10. Die volgende is vir die fabriek en kantoor betaal. Hierdie betalings moet in die verhouding 80% tot 20% onderskeidelik tussen die fabriek en die kantoor toegeken word.
   - **Huur,** R72 000
   - **Versekering, water en elektrisiteit,** R60 000

## 3.2 LADUMA SOKKERSTEWELVERVAARDIGERS

Jy is die bestuursrekenmeester van Laduma Sokkerstewelvervaardigers. Jy het die onderstaande inligting saamgestel. Vir die afgelope twee jaar het die onderneming deurgaans verliese gely. Die eienaars het jou gevra om te help met die beplanning vir die toekoms om die besigheid winsgewind te maak.

**LET WEL:**

- Daar was geen goedere in bewerking aan die begin of einde van elke jaar nie.
- Alle pare stewels wat vervaardig is, is verkoop.
- Die prys van pare stewels van soortgelyke kwaliteit wat deur mededingers vervaardig word, is R790.

Kopiereg voorbehou 

**GEVRA:**

3.2.1 Verduidelik wat met die volgende bedoel word en gee 'n voorbeeld van elk:

- Vaste koste (2)
- Veranderlike koste (2)

3.2.2 Bereken die volgende eenheidskoste vir 2008:

- Direkte materiaalkoste per eenheid (2)
- Fabrieksbokoste per eenheid (2)
- Totale veranderlike koste per eenheid (3)

3.2.3 Bereken die totale pare stewels wat die onderneming moet vervaardig om gelyk te breek (dit wil sê om nie 'n wins of 'n verlies te maak nie). Gebruik die 2008-syfers in jou berekening. (9)

3.2.4 Jy is versoek om 'n verslag op te stel om die probleem van deurlopende verliese op te los. Noem die punte wat jy in hierdie verslag sal insluit onder die volgende opskrifte (haal syfers uit die inligting aan om jou mening te ondersteun):

- Die koste wat beter gekontroleer moet word (4)
- Of die prys van die stewels verhoog moet word al dan nie (4)
- Of die onderneming in 'n posisie sal wees om die gelykbreekpunt die volgende jaar te bereik (4)

**INLIGTING**:

**LADUMA SOKKERSTEWELVERVAARDIGERS**

| | 2008 | | 2007 | |
|---|---|---|---|---|
| **Inligting uit Inkomstestaat:** | **Totaal R** | **Per eenheid R** | **Totaal R** | **Per eenheid R** |
| Verkope | 3 260 000 | 815 | 2 124 000 | 708 |
| Koste van verkope | (2 172 000) | (543) | (1 590 000) | (530) |
| Bruto wins | 1 088 000 | 272 | 534 000 | 178 |
| Administrasiekoste (vaste koste) | (860 000) | (215) | (480 000) | (160) |
| Verkoop- en verspreidingskoste (veranderlike koste) | (392 000) | (98) | (300 000) | (100) |
| Netto wins (verlies) | (164 000) | (41) | (246 000) | (82) |

| | 2008 | | 2007 | |
|---|---|---|---|---|
| **Inligting uit Produksiekostestaat:** | **Totaal R** | **Per eenheid R** | **Totaal R** | **Per eenheid R** |
| Direkte materiaalkoste | 620 000 | ? | 480 000 | 160 |
| Direkte arbeidskoste | 984 000 | 246 | 690 000 | 230 |
| Primêre koste/Totale direkte koste | 1 604 000 | ? | 1 170 000 | 390 |
| Fabrieksbokoste | 568 000 | ? | 480 000 | 160 |
| Totale koste van produksie | 2 172 000 | 543 | 1 650 000 | 550 |
| Getal eenhede geproduseer en verkoop | 4 000 pare stewels | | 3 000 pare stewels | |

**70**

## VRAAG 4

**MAATSKAPPYVERTOLKING** **(70 punte; 40 minute)**

Jy word voorsien van inligting rakende Fatti se Supermark Bpk. 'n publieke maatskappy op die JAB (Aandelebeurs) genoteer.

**GEVRA:**

4.1 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2008. (18)

4.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2008:

- Persentasie bedryfswins op verkope
- Persentasie opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang
- Netto batewaarde per aandeel
- Verdienste per aandeel
- Gemiddelde voorraadomsetsnelheid (18)

4.3 Die getal direkteure en werknemers het vir die afgelope twee jaar dieselfde gebly. Jy word meegedeel dat daar 'n personeelprobleem in hierdie onderneming is. Die werknemers is van mening dat hulle nou baie harder werk en daarom is hulle ontevrede oor hulle lone en salarisse.

4.3.1 Is die werkgewers regverdig behandel of nie? Verduidelik kortliks. Noem TWEE punte om jou antwoord te staaf deur syfers uit die finansiële state of die finansiële aanwysers aan te haal. (6)

4.3.2 Watter raad sal jy aan die direkteure gee om hierdie probleem op te los? (3)

4.4 Het die maatskappy sy bedryfskapitaal goed beheer en is die maatskappy likied? Verduidelik kortliks deur syfers uit die finansiële state of die finansiële aanwysers aan te haal. (7)

4.5 As 'n aandeelhouer van hierdie maatskappy is jy tevrede met die opbrengs, verdienste, dividende en aandeelprys van die maatskappy. Skryf 'n kort brief aan die Besturende Direkteur/Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) waarin jy verduidelik waarom jy tevrede is met die direkteure se werk en lig areas uit wat verbeter kan word. Haal syfers uit die finansiële state of die finansiële aanwysers aan om jou menig te staaf. (18)

**INLIGTING:**

Inligting verkry uit die gepubliseerde finansiële state van die laaste twee jaar. Let daarop dat syfers in duisende rande uitgedruk is.

| | 30 Junie 2008 R '000 | 30 Junie 2007 R '000 |
|---|---|---|
| Nie-bedryfsbates | 1 238 080 | 1 222 000 |
| Tasbare bates | 898 080 | 922 000 |
| Finansiële bates (beleggings in aandele) | 340 000 | 300 000 |
| Bedryfsbates | 178 000 | 168 000 |
| Voorraad (alle handelsvoorraad) | 59 000 | 125 000 |
| Handels en ander ontvangbare bedrae | 21 000 | 32 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | 98 000 | 11 000 |
| | | |
| Gewone aandeelhouersbelang (-ekwiteit) | 1 224 780 | 990 000 |
| Gewone aandelekapitaal (R10 pariwaarde) | 950 000 | 800 000 |
| Aandelepremie | 140 000 | 80 000 |
| Behoue inkomste | 134 780 | 110 000 |
| Niebedryfslas (langtermynlening, 12% p.j.) | 100 000 | 300 000 |
| Bedryfslaste | 91 300 | 100 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 4 300 | 3 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 38 000 | 28 000 |
| Uitgawes betaalbaar | 2 000 | 6 000 |
| Handelskrediteure en ander betaalbare bedrae | 47 000 | 63 000 |

Inligting verkry uit die Inkomstestaat vir die afgelope twee jaar:

| | 30 Junie 2008 R '000 | 30 Junie 2007 R '000 |
|---|---|---|
| Verkope | 942 400 | 624 000 |
| Koste van verkope | (640 000) | (375 000) |
| Bruto wins | 302 400 | 249 000 |
| Bedryfsuitgawes | (160 000) | (130 000) |
| Salarisse en lone (1 120 werknemers) | 70 000 | 50 000 |
| Direkteursfooie (4 direkteure) | 16 500 | 15 000 |
| Waardevermindering | 15 000 | 13 000 |
| Ander bedryfsuitgawes | 58 500 | 52 000 |
| | | |
| Bedryfswins | 142 400 | 119 000 |
| Rente op verbandlening | (12 000) | (36 000) |
| Netto wins voor belasting | 130 400 | 83 000 |
| Inkomstebelasting | (39 120) | (29 050) |
| Netto wins na belasting | 91 280 | 53 950 |

Kopiereg voorbehou 

**Addisionele inligting:**

- Nuwe aandele is uitgereik op die eerste dag van die finansiële jaar.
- Vaste bates is gedurende die jaar teen boekwaarde van R160 000 000 verkoop.
- Die markwaarde van die aandele op die JAB op 30 Junie 2008 is R11,90. Dit verteenwoordig 'n verbetering van 15% vanaf die vorige jaar.
- Die belastingkoers vir maatskappye het vanaf 35% in 2007 tot 30% in 2008 verminder.

**Die volgende finansiële aanwysers is vir die laaste twee jaar bereken:**

| | **2008** | **2007** |
|---|---|---|
| % verhoging in verkope | 51% | 2% |
| % winsopslag op koste | 47% | 66% |
| % bedryfsuitgawes op verkope | 17% | 20,8% |
| % bedryfswins op verkope | ? | 19,1% |
| % netto wins op verkope | 9,7% | 8,6% |
| % opbrengs op gemiddelde aandeelhouers-belang (na belasting) | ? | 5,4% |
| % opbrengs op totale kapitaal aangewend (voor belasting) | 10,9% | 8,5% |
| Netto batewaarde per aandeel | ? | 1 238 sent |
| Dividende per aandeel | 70 sent | 67 sent |
| Verdienste per aandeel | ? | 67,4 sent |
| Skuld/aandeelhouersbelangverhouding | 0,1:1 | 0,3:1 |
| Bedryfskapitaalverhouding | 2:1 | 1,7:1 |
| Vuurproefverhouding | 1,3:1 | 0,4:1 |
| Voorraadomsetsnelheid | ? | 3 keer |

**70**

## VRAAG 5

**KORPORATIEWE VERSLAGDOENING** **(75 punte; 40 minute)**

### 5.1 KAMBULO BPK.

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Kambulo Bpk.

**GEVRA:**

5.1.1 Gebruik die onderstaande inligting en voltooi die Balansstaat op 30 Junie 2008. (35)

5.1.2 Joan Kambo besit tans 65% van die uitgereikte aandele. Die direkteure het besluit om al die onuitgereikte aandele op 10 Januarie 2009 uit te reik. Wat is die minimum aantal nuwe aandele wat Joan Kambo moet koop om beheer van die maatskappy te behou? (5)

5.1.3 Wat moet Joan Kambo as HUB van Kambulo Bpk. doen alvorens sy die nuwe aandele kan koop? Verduidelik kortliks deur TWEE punte te verskaf. (4)

**INLIGTING:**

1. Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 800 000 gewone aandele van R4 pariwaarde elk. Teen 30 Junie 2008 is 500 000 aandele soos volg uitgereik:
   - 200 000 teen pari
   - 300 000 teen R5,40 elk

2. Die verbandleningstaat van Kwezi Bank het die volgende weerspieël:
   - Saldo op 1 Julie 2007, R830 000
   - Rente gekapitaliseer vir die jaar, R94 200
   - Terugbetalings van R12 600 per maand (dit is om rente en leningterugbetaling te dek)

   Daar word verwag dat die kapitaalbedrag van die lening met R60 000 oor die volgende finansiële jaar sal verminder.

3. Die volgende saldo's is vanuit die Na-aansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2008 verkry:
   - Tasbare bates teen drawaarde, R3 408 000
   - Krediteurekontrole, R280 000
   - Bankoortrekking, R170 000
   - Uitkeergeld en kleinkas, R8 000

4. Daar is twee vaste deposito's by die KZN Bank.
   - Een, gewaardeer teen R360 000, verval op 31 Julie 2009.
   - Die ander, gewaardeer teen R80 000, verval op 31 Desember 2008.

5. Die volgende finansiële aanwysers is van toepassing op die Balansstaatdatum:
   - Die skuld/aandeelhouersverhouding is 0,2:1
   - Die bedryfskapitaalverhouding is 2:1
   - Die vuurproefverhouding is 0,8:1

## 5.2 KORPORATIEWE BESTUUR EN OUDIT

5.2.1 Bestudeer die volgende ouditverslag wat deur die ouditeure van Kambulo Bpk. uitgereik is en beantwoord die vrae wat volg.

> **Ouditmening – Aan die aandeelhouers:**
> Na ons mening verstrek hierdie finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die maatskappy en die groep op 30 Junie 2008, en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet in Suid-Afrika.
>
> **Trew & Frank**
> **Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)**
> **Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure**
> **Durban 25 Julie 2008**

(a) Verduidelik kortliks waarom hierdie ouditeursverslag aan die aandeelhouers gerig is. (3)

(b) Verduidelik kortliks die betekenis van die verwysing na GR (SA). (2)

(c) Verduidelik kortliks hoe die firma Trew & Frank tot die mening wat hulle in die verslag huldig, gekom het. Gee TWEE punte. (4)

(d) Behoort die aandeelhouers tevrede te wees met dié verslag? Verduidelik. (3)

(e) Watter stappe sal deur professionele liggame soos die SAIGR gedoen word indien Trew & Frank aangekla sou word van nalatigheid met die uitreiking van hierdie mening? Watter gevolge kan dit vir Trew & Frank inhou? (4)

5.2.2 Bestudeer die volgende koerantberig (op 'n werklike geval gebaseer) en beantwoord die vrae wat volg.

**HUB skuldig bevind aan binnehandel-aanklagte**

Die Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) van Felon Bpk., YB Goode, moet omtrent R5 miljoen betaal en mag vir die volgende vyf jaar nie as 'n direkteur van 'n publieke maatskappy dien nie ingevolge 'n hofbevel wat Maandag uitgereik is. Hy is skuldig bevind aan bedrog en die oortreding van die Maatskappywet en die regulasies van die JAB.

Die bedrag van R5 miljoen verwys na verliese wat hy vermy het met die verkoop van aandele in Felon Bpk in Desember 2007. YB Goode het aandele in Felon Bpk. verkoop 'n dag voordat die regering bekend gemaak het dat die nuwe geneesmiddel vir die behandeling van kanker, Curex, afgekeur is. Die aandeelprys het onmiddellik met ongeveer 80% gedaal na die regering se weiering om die geneesmiddel Curex goed te keur.

Die voorsittende regter het bevind dat YB Goode oor vertroulike inligting met betrekking tot die regering se besluit beskik het, alvorens hy besluit het om die aandele te verkoop. Hy het doelbewus nie die inligting aan die publiek bekend gemaak nie. Sommige kopers het derhalwe groot bedrae van hul aftreefondse verloor vanweë die daaropvolgende daling in die aandeleprys.

Felon Bpk. het verlede week aangekondig dat YB Goode se kontrak as HUB gekanselleer is. Goode het R8 miljoen per jaar in hierdie posisie verdien.

(a) Is YB Goode regverdig deur die regter en die maatskappy Felon Bpk. behandel? Verduidelik kortliks. (4)

(b) Indien jy 'n groot aandeelhouer in Felon Bpk. was, na watter persoonlikheidseienskappe sou jy oplet met die aanstelling van 'n HUB en ander direkteure om soortgelyke probleme in die toekoms te voorkom? Gee TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

5.2.3 Suid-Afrika speel 'n leidende rol in die bevordering van goeie korporatiewe bestuur. Daar word dikwels na die King Kode as 'n goeie voorbeeld hiervan verwys. Een van die aanbevelings van die King Kode is dat maatskappye in hul jaarlikse verslae na die bydraes wat hulle gemaak het om die breër gemeenskap te bevoordeel moet verwys, byvoorbeeld sosiale en omgewingskwessies wat aangepak is.

**GEVRA:**

(a) Gee 'n voorbeeld van 'n maatskappy wat aan hierdie vereiste van die King Kode voldoen het. Verduidelik kortliks die bydrae wat die maatskappy tot die gemeenskap lewer. (3)

(b) Jy het 'n opmerking gehoor dat maatskappye hoofsaaklik moet omsien na die belange van die aandeelhouers en nie na die belange van die breër gemeenskap nie. Verduidelik waarom hierdie siening nie vandag ondersteun sal word nie. (4)

**75**

## VRAAG 6

**BELASTING OP TOEGEVOEDGE WAARDE** **(30 punte; 20 minute)**

Manzini Winkels word besit deur Ivy Manzini, en is vir BTW volgens Kategorie B (die faktuurbasis) op 'n maandelikse periode geregistreer. Die besigheid dryf ook slegs handel met ander BTW-handelaars.

Jy word voorsien van die inligting uit die joernale vir Augustus 2008.

**GEVRA:**

6.1 Wat word bedoel met *belasting op toegevoegde waarde* en teen watter koers word BTW bereken? (2)

6.2 Bereken die volgende:

6.2.1 Die BTW-uitsetbedrag van die KOJ (2)
6.2.2 Die BTW-insetbedrag van die KBJ (3)
6.2.3 Die BTW-uitsetbedrag van die DJ (3)

6.3 Ivy is onseker oor hoe haar boekhouer die BTW-bedrae in die Grootboek moet aanteken. Dui vir haar aan hoe die BTW-totale van die volgende joernale na die Algemene Grootboek oorgeboek moet word:

- KOJ
- KBJ
- DJ
- AJ

Voltooi die tabel in die ANTWOORDEBOEK. (12)

6.4 Bereken die bedrag BTW wat aan SAID oorbetaal moet word met betrekking tot Augustus 2008. (4)

6.5 Ivy het nie genoeg geld in haar bankrekening om die BTW aan SAID te betaal nie. Die banksaldo is tans ongeveer R50 000 oortrokke. Watter raad sal jy aan haar gee om:

- Die probleem nou op te los
- Die probleem in die toekoms op te los (4)

Kopiereg voorbehou 

**INLIGTING UIT DIE JOERNALE:**

1. **Kontantontvangstejoernaal**
   - Totaal van Verkopekolom R942 000
   - Totaal van Debiteurekontrolekolom R420 000
   - Totaal van Diverserekeningekolom Nul
   - Totaal van BTW-uitsetkolom R ?

2. **Kontantbetalingsjoernaal**
   - Totaal van Handelsvoorraadkolom R248 000
   - Totaal van Krediteurekontrolekolom R494 000
   - Totaal van Diverserekeningekolom (slegs toerusting) R580 000

   LET WEL: Toerusting is aan BTW onderhewig.

3. **Debiteurejoernaal**
   - Goedere is vir R397 860 (BTW ingesluit) op krediet verkoop.

4. **Debiteureafslagjoernaal**
   - Totaal van BTW-uitsetkolom R6 930

5. **Krediteurejoernaal**
   - Totaal van BTW-insetkolom R58 170

6. **Krediteureafslagjoernaal**
   - Totaal van BTW-insetkolom R7 210

7. **Algemene Joernaal**

   7.1 Die eienaar het voorraad teen kosprys, R9 000, vir persoonlike gebruik geneem. Die BTW op hierdie ware is R1 260.

   7.2 'n Debiteur, D Dodge, het verdwyn. Sy skuld van R4 560 is as oninbaar afgeskryf. Alle ware aan D Dodge verkoop, was aan BTW ter waarde van R560 onderhewig.

**30**

**TOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou